# ADVENT KALENDER 1: Aktiwiteite

**DAG 1**

Maak ‘n Kersfees boekmerk. Sit dit in jou Bybel by Lukas 2:1-20

***Lees: Luk 1:26-28;31***

**DAG 2**

Maak vir Jesus ‘n verjaardagkaartjie. Skryf vir Hom ‘n spesiale boodskap, en hang dit aan julle kersboom.

***Lees: Luk 1:38***

**DAG 3**

Gebruik die duif template en maak ‘n duif vir julle kersboom. Laat dit jou onthou dat God, Jesus se Pappa is.

***Lees: Matt 1:18***

**DAG 4**

Teken ‘n hart op karton, versier dit en skryf jou naam daarop. Hang dit aan julle Kersboom om vir Jesus te sê jou hartjie is bly dat Hy aarde toe gekom het vir jou.

***Lees: Matt 1:20***

**DAG 5**

Gebruik die krippie met JESUS template, kleur dit in en hang dit aan julle Kersboom. Laat dit jou onthou dat ons met Kersfees aan Jesus se geboorte dink.

***Lees: Matt 1:21***

**DAG 6**

Maak van jou speelgoed bymekaar wat jy nie mee speel nie, en gaan laai dit by ‘n welsynsorganisasie af. Dit sal kinders wat nie geskenkies vir Kersfees kry nie ook spesiaal laat voel.

***Lees: Matt 1:22-23***

**DAG 7**

‘Tel’ vandag alles waarvoor jy vir Jesus kan dankie sê. Maak ‘n dankie-lys van al die geskenke wat Jesus vir JOU gee. Hang die lysie aan julle Kersboom.

***Lees: Luk 2:1-4***

**DAG 8**

Kleur die prentjie in van Josef en Maria wat oppad is na Betlehem toe, en plak dit teen jou muur om jou te laat onthou dat hulle ver moes ry op ‘n donkie voordat Jesus gebore is.

***Lees: Luk 2:5***

**DAG 9**

Teken ‘n prent van die hemel. Sê vir Jesus dankie dat Hy dit verlaat het om in ‘n stal gebore te word. Plak dit teen jou muur om jou elke dag daarvan te laat onthou.

***Lees: Luk 2:6***

**DAG 10**

Lees Lukas 2:7 en gesels as gesin saam oor wat dit vir JULLE beteken dat Jesus aarde toe gekom het.

***Lees: Luk 2:7***

**DAG 11**

Skryf name neer wat die Bybel vir Jesus gebruik. Gebruik Jesaja 9:5 hiervoor. Kies nou jou gunsteling naam en begin jou gebed daarmee.

***Lees: Jes 9:5***

**DAG 12**

Maak 'n lys van al julle Kersversierings en hoe elkeen jou herinner aan Jesus se geboorte.

***Lees: Jes 9:6***

**DAG 13**

Skryf Lukas 2:10-11 op gekleurde papier. Versier dit en gee aan iemand wat alleen is.

***Lees: Luk 2:8-11***

**DAG 14**

Memoriseer Lukas 2:10-11. Sê dit vir iemand op.

***Lees: Luk 2:12***

**DAG 15**

Skryf iets oor Jesus se koms na die aarde en hang dit aan julle Kersboom.

***Lees: Luk 2:13-14***

**DAG 16**

Kleur die prent van Jesus se geboorte in en plak dit teen jou muur saam met jou ander prente om jou te onthou waaroor Kersfees regtig gaan.

***Lees: Luk 2:15-18***

**DAG 17**

Sit al die ligte in die huis af. Steek ‘n paar kerse op en gesels oor hoe Jesus die lig vir die wêreld is, en hoe ONS ook lig kan wees.

***Lees: Ps 95:6***

**DAG 18**

Maak ‘n lys van al die spesiale mense in jou lewe. Maak ‘n lys waarvoor jy vir elkeen van hulle kan bid.

***Lees: Luk 2:19***

**DAG 19**

Vra vir Pappa of Mamma om die woorde van Lukas 2:20 op stukkies papier neer te skryf en uit te knip. Laat hulle dit dan in die huis wegsteek, en jy moet dit soek.

***Lees: Luk 2:20***

**DAG 20**

Teken ‘n paar sterre op karton, versier dit en skryf op elkeen een van die name van Jesus soos julle op dag 11 in Jes 9:5 gelees het. Hang dit aan julle Kersboom.

***Lees: Matt 2:1***

**DAG 21**

Skryf ‘n gebed om God te dank vir Sy Seun. Versier dit en lees dit vir jou familie

***Lees: Matt 2:2***

**DAG 22**

Sny ‘n groot ster uit karton. Teken die kruis aan die een kant en plak die ander kant met foelie. Sit dit bo aan die boom as teken van Jesus se prys vir ons sondes.

***Lees: Matt 2:9***

**DAG 23**

God se geskenk laat ons glimlag. Trek sirkels op papier af en teken ‘smiley’ gesiggies daarop. Skryf aan die agterkant “Jesus het jou lief” en deel dit deur die dag vir mense uit.

***Lees: Matt 2:10***

**DAG 24**

Skryf briefies vir Jesus. Sit dit in ‘n boksie, trek dit oor, skryf Sy naam daarop en sit dit onder die kersboom saam met die ander geskenke. Laat dit jou môre onthou dat hierdie eintlik SY verjaarsdag is waarop jy ook geskenke kry.

***Lees: Matt 2:11***